

Die vestiging van 'n winsgewende lamseisoen

Nuusbrief – Mei 2017

Raymond du Plessis

In die meeste ekstensiewe boerderystreke van die Kalahari word tradisioneel geen lamseisoen of sogenaamde teelseisoene toegepas nie. Redes hiervoor is omdat produksieareas baie groot kampe bevat wat die indeling van meer intensiewe kampstelsels en indeling van troppe bemoeilik. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou watter potensiaal nie ontgin word nie as gevolg van hierdie praktyk. Dit is egter ook moeilik om die nadele van hierdie stelsel te bereken, aangesien die diere nie elke dag onder oë is nie. Meet van lampersentasies, lammer mortaliteite asook redes vir lamverliese is baie moeilik om te kwantifiseer. As gevolg van die wisselvallige en wydverspreide lamtyperke is dit verder ook onmoontlik om die gesonde praktyk toe te pas om ooie naby aan die huis te laat lam, sodat addisionele sorg aan die lam en ooi toegeken kan word. Sodoende kan moederlike seleksie vir vrugbaarheid, goeie moederskap eienskappe en lammer lewensvatbaarheid nie akkuraat gedoen word nie. Inteendeel, 'n stelsel waar die ram heeltyd tussen die ooie loop selekteer uiter aard outomaties vir minder vrugbare ooie, aangesien die ooi meervoudige kanse gegun word om dragtig te word. Ironies is dit gewoonlik die ooi wat nie dragtig is nie, wat die vetste is en "gesond" vertoon. In stelsels waar lek of aanvullende voeding gebied word beteken dit verder dat daar of 'n ondervoorsiening van byvoeding plaasvind in kritiese oomblikke van die ooi se dragtigheid of daar word onnodiglik byvoeding voorsien aan nie-produktiewe diere. Koste kan bespaar word deur beter voedingsbestuur. 'n Lam wat byvoorbeeld reeds gespeen is sal nie verder toegang hê tot kruipvoeding nie.

Hierdie artikel is die eerste van 'n reeks artikels wat eerstens gaan kyk na die verskillende opsies wat beskikbaar is vir lamseisoene. Nadat daar besluit is op 'n spesifieke lamseisoen, gaan daar verwys word na **Veekos se Lamseisoen Bestuurswiel** wat vir elke maand van die jaar praktiese wenke voorlê oor hoe om die stadium van die lamseisoen, dragtigheid, of voorbereiding tot die teelseisoen optimaal te bestuur om sodoende die meeste wins uit 'n gestruktureerde lamseisoen te genereer. Daar moet altyd onthou word dat die stelsel slegs 'n generiese voorstelling is en daarom word aanbeveel dat u die naaste **Veekos Tegniese Adviseur** kontak vir raad oor 'n stelsel wat by u spesifieke boerdery stelsel sal inpas.

Hoekom moet daar 'n lamseisoen wees?

In vandag se uitdagende ekonomiese omstandighede waar grond al meer skaars en duurder raak en die effek van droogtes meer ooglopend is dit noodsaaklik vir die volhoubaarheid van boerdery om met meer presiesie te boer en om die grond wat beskikbaar is optimaal te benut. Grond is 'n beperkende faktor en in aanvraag tot meer winsgewende boerdery praktyke raak vertikale integrasie meer belangrik. Lamseisoene is een so stelsel wat verseker dat die grond optimaal benut word deur produktiewe diere. Die onproduktiewe eenhede moet so vinnig as moontlik uitgeskot

word om sodoende spasie te maak vir meer winsgewende diere. Verder tot die gesprek maak dit nie finansiële sin om vir ongeveer 'n jaar goed vir die ooi te sorg met genoegsame weiding en byvoeding nie en dan gedurende die lamtyd die ooi op die verste punt van die plaas te laat lam waar die lam se lewensvatbaarheid op risiko gestel word deur omgewingsfaktore, predatore en bloot swak moederskap nie. Sommige van die voordele tot 'n lamseisoen word hier onder uiteengesit.

Wat is die voordele van 'n lamseisoen?

Daar is met die implimentering van enige nuwe stelsel natuurlik uitdagings daaraan verbonde, maar met die vooruitsig van bevordering, groei en optimalisering, kan die aanvanklike moeite gou vergete raak of intendeel onthou word as 'n wyse kopskuif. Die voordele van 'n lamseisoen word hier onder gelys:

- **Seleksie vir vrugbaarheid.** Met 'n voorafbepaalde teelseisoen, kan ooie geskandeer word vir dragtigheid, of in 'n meer eenvoudige stelsel kan daar slegs rekord gehou word van gisooie teenoor ooie wat geboorte gee aan enkelinge en meerlinge. Ramme kan ook vooraf getoets word vir vrugbaarheid om sodoende te voorkom dat 'n onvrugbare ram die kudde se lampersentasie verlaag.
- **Doelgerigte bemarking van lammers op 'n bepaalde tyd.** Die boer het die voordeel om vooraf 'n bepaalde idee te hê van hoeveel lammers aan die mark gebied gaan word, in watter tydperk en kan sodoende onderhandel vir die mees kompeterende prys vir lammers. Lamseisoene stel die boer ook in staat om te bemark gedurende piek lammerpryse.
- **Ooie kan nader aan die huis lam.** Omdat daar 'n vooraf bekende tydperk is wanneer ooie gaan lam, kan die ooie na 'n kamp geskuif word wat nader aan die huis is waar lamrekords gehou kan word. Verliese kan ook beperk word, aangesien daar meer beheer oor roofdiere, omgewingsfaktore, geboorte komplikasies en swak moederskap is. Hier kan seleksie ook weereens toegepas word om swak moeders uit te skot.
- **Prosessering van lammers.** Praktyke soos stert afsit, inenting, dosering en speen van lammers kan gedoen word voordat diere terug beweeg na die ander dele van die veld.
- **Beperk geslagsiektes.** In stelsels waar ramme heeljaar by die ooie loop is die waarskynlikheid van seksueel oordraagbare siektes baie groot en ongelukkig is die opsporing van geslagsiektes onder hierdie omstandighede soveel moeiliker. Met bepaalde teelseisoene kan ramme ten minste jaarliks getoets word vir geslagsiektes en vir vrugbaarheid.
- **Telingsrus.** Met genoegsame rus vir ooie tussen speen en herkonsepsie is 'n hoër vrugbaarheidsyfer bekombaar. Hierdie voordeel word egter nie geniet in die afwesigheid van teelseisoene, tesame met telingsrus nie.

- **Vergemaklik voervloeibepanning.** Met 'n duidelike vooruitskating van die weidingslading wat op die verskeie dele van die jaar op die plaas gaan wees kan voervloeibepanning baie vergemaklik word. Eerstens kan die dra vermoë van die veld bereken word en tweedens kan aanvullende voeding soos lekaanvulling toegepas word op 'n gestruktureerde wyse. Sodoende word verseker dat lek nie onnodig vir onproduktiewe diere of gedurende minder produktiewe fases onnodig gevoer word nie en die bestuur van die veld word ook sodoende vergemaklik. Daar word aan die ander kant ook verseker dat die natuurlike weiding tesame met die aanvulling op alle stadiums voldoen aan die diere se fisiologiese behoefte vir optimale prestasie.
- **Optimaliseer die inentings- en doseringsprogram.** Die bestuur van 'n inentingsprogram word vergemaklik deur die roetine wat geskep word deur die lamseisoen. Verder word daar verseker dat ooi nie op kritiese stadiums van dragtigheid met lewendige entstowwe ingeënt word nie. Bogenoemde kan lei tot groot verliese as gevolg van abortering.

Watter opsies is daar vir lamseisoene?

Hier onder word ses verskillende lamseisoene kortliks beskryf. Hierdie is 'n generiese benadering en u word weereens versoek om u naaste **Veekos Tegniese Adviseur** te nader om die optimale stelsel vir u te help ontwerp.

1. **Geen lamseisoen.** Om geen opsie uit te oefen is inderdaad ook 'n opsie. Die mees algemene praktyk onder ekstensiewe Kalahari omstandighede is om jaardeur die ramme saam met die ooie te laat loop. Die nadele van hierdie stelsel is reeds vooraf verduidelik.
2. **Een lamseisoen een maal per jaar.** Die mees vereenvoudigde lamseisoen is om op 'n bepaalde tyd van die die jaar ramme by die ooie te voeg, op 'n bepaalde tyd die ramme te verwyder en sodoende 'n lamseisoen oor ongeveer vyf maande te hê (byvoorbeeld in Juliemaand) vir ongeveer dieselfde tydperk as wat die ramme by die ooie gevoeg was. Hierdie siklus herhaal homself elke jaar op dieselfde tyd. Die eenvoudigheid van hierdie stelsel is aantreklik, alhoewel die stelsel homself tot verskeie nadele uitleen. Ooilammers in die stelsel word vir die eerste keer gedek tussen ses en sewe maande oud. Indien konsepsie nie in hierdie periode plaasvind nie, moet daar of besluit word om die ooilam uit te skot, of die ooi moet eers weer op 19 maande gedek word. 'n Ooi wat vir die eerste keer lam op tweejarige ouderdom is gladnie winsgewend nie! Verder tot die ondoeltreffendheid van hierdie stelsel, vereis hierdie stelsel ook baie ramme, aangesien alle ooie in een periode van die jaar geteel moet word.
3. **Twee lamseisoene elke drie jaar.** Hierdie stelsel is die ideale lamseisoen stelsel en word oral in die literatuur aangehaal. Die stelsel werk baie goed onder intensiewe stelsels en aangeplante weidings, maar is nie ideaal onder ekstensiewe Kalahari omstandighede nie. Die weiding is nie genoegsaam om die lammers vinnig genoeg van die ooie te speen om

voldoende kondisie te onderhou om elke agt maande 'n lam te genereer nie. Hoë kwaliteit sowel as kwantiteit voeding is deurlopend noodsaaklik vir die sukses van hierdie stelsel, wat sal lei tot hoë insetkoste in meer ekstensiewe areas. Die hoë telingsdruk op die ooi verkort ook hulle langslendheid en dus word die aantal telings per ooi beperk.

4. **Twaalf lamseisoene per jaar.** Hierdie stelsel behels die opdeling van die kudde in 12 troppe, elk met 'n lamseisoen in 'n opvolgende maand van die jaar. Hierdie stelsel is slegs 'n teoretiese stelsel, want alhoewel dit die ideale ram benutting en mees eweredig verspreide lammer verspreiding tot gevolg sal hê, is die seisoenaltiet van weiding en gekompliseerde bestuurspraktyke hindernisse wat die toetrede tot so 'n stelsel verspêr. Dies stelsel is ook baie arbeidsintensief en vereis baie infrastruktuur.
5. **Een lamseisoen elke ses maande.** Verdeel die kudde in twee om sodoende die lamseisoen in twee seisoene te verdeel (byvoorbeeld in Julie en Januarie). Die voordeel hiervan is verhoogde kontantvloei deur die jaar, minder intensiewe lamseisoene en ooilammers wat op ses tot sewe maande ouderdom nie dragtig raak nie, het weer 'n kans om op 12 maande dragtig te raak. 'n Verdere voordeel is dat ooië wat na die teelseisoen uitgeskot word weens lae vrugbaarheid, abortering, swak kondisie, of swak moederskap, of ooilammers wat uitgeskot word in die volgende teelseisoen met 'n ander ras ram terminale kruisteling kan ondergaan. Na hierdie ooi haar lam gespeen het word sy bemark. Die lam van 'n terminale kruis toon meestal besondere groei en die voordeel van kruisteling kan sodoende gebruik word om 'n lam winsgewend af te rond en te bemark.
6. **Twee lamseisoene per jaar op twee doelgerigte maande.** Die beginsels en voordele van hierdie stelsel is soortgelyk aan die een lamseisoen elke ses maande wat hier bo beskryf is, maar hierdie stelsel neem 'n eksterne faktor van die boerderybedryf in ag, naamlik pieke in bemarkingstye. Die grootste piek in die bemarking van lammers is definitief die Kersmark van einde November tot middel Desember. Gedurende hierdie periode is daar 'n verhoogde aanvraag vir lamvleis en die pryse bereik 'n piek vir die jaar. Teenstrydig hiermee bereik pryse in Januarie die laagtepunt van die jaar en dit is daarom ooglopend dat die tydsberaming van die bemarking van 'n afgeronde lam krities is! Die tweede verhoogde aanvraag is nie naastenby so buitensporig nie, maar daar is tog 'n verhoogde aanvraag in die Paasmark. Dit is dus belangrik om te sorg dat die maksimum aantal lammers in Desember en April gereed is vir die mark. Deur gebruik te maak van die **Veekos Lamseisoen Bestuurswiel** kan maklik bepaal word dat die teelseisoene in Februarie en Junie moet aanvang neem en die lamseisoene in Julie en September sal wees. Die **Veekos Lamseisoen Bestuurswiel** is egter 'n verdere hulpmiddel om die fyner detail te verduidelik soos watter stappe op watter tydstep geneem moet word om sukses te bevorder. 'n Verdere voordeel van hierdie stelsel is dat ooië wat in Februarie geteel word in goeie kondisie is as gevolg van hoë kwaliteit weiding. Lammers wat in September gebore word, word op goeie weiding gespeen en kan selfs al in Februarie op vyf tot ses maande ouderdom by ramme gevoeg word, maar kry 'n tweede kans tot konsepsie in Junie op nege tot tien maande ouderdom. Lammers wat in Julie gebore word kan by die ramme geplaas word in Februarie wanneer hulle sewe tot agt maande oud is en nie-dragtige lammers kan weer op elf maande in Junie geteel word. Dit is egter raadsaam om voorkeur seleksie te gee aan ooilammers wat met die

eerste teelseisoen dragtig raak en nie-dragtige ooilammers eerder terminaal te kruis en uit te skot. Met 'n terminale kruisteling word die voordeel van 'n afrondlam met goeie groeivermoë tesame met die ooilam bemark.

Hoe werk die Veekos Lamseisoen Bestuurswiel?

Die **Veekos Lamseisoen Bestuurswiel** is 'n kragtige hulpmiddel vir die kuddebestuurder om kritiese fases voor, gedurende en na die lamseisoen uit te lig. Die wiel is oorhoofs opgedeel in 4 fases, naamlik:

1. Dragtigheid
2. Lamtyd en speen van lammers
3. Telingsrus en afronding van lammers
4. Aanvang van die teelseisoen en bemarking van vorige seisoen lammers

Elke fase is dan verder onderverdeel met fyner detail van elke fase, wat om voor te berei in hierdie fase, waarop daar gelet moet word en watter van **Veekos** se produkte om gedurende hierdie fases te gebruik. Die onderafdelings is soos volg verdeel:

1. Dragtigheid
 - Ooie 1 – 2 maande dragtig
 - Ooie 2 – 3 maande dragtig
 - Ooie 3 – 4 maande dragtig
 - Aanvang van die lamseisoen
2. Lamtyd en speen van lammers
 - Lammers 1 tot 2 maande oud
 - Lammers 2 tot 3 maande oud
 - 4 maande voor die teelseisoen
 - 3 maande voor die teelseisoen
 - 2 maande voor die teelseisoen
3. Telingsrus en afronding van lammers
 - 1 maand voor die teelseisoen
 - Aanvang van die teelseisoen
4. Aanvang van die teelseisoen en bemarking van vorige seisoen lammers
 - Aanvang van die teelseisoen
 - Einde van die teelseisoen

Die kuddebestuurder besluit self watter fase vir hom die belangrikste is, byvoorbeeld bemarking gedurende piektye, lam gedurende goeie weiding of 'n teelseisoen gedurende goeie weiding. Aan die buitespoor van die wiel is die twaalf maande van die jaar en die fase wat die belangrikste geag

word, word op die korrekte maand van die jaar geplaas. Die res van die wiel werk dan 'n bestuursprogram vir die ander elf maande uit.

Indien die bemarking gedurende Desember byvoorbeeld as die belangrikste fase geag word, word die bemarkingsfase op Desember geplaas. Die skrikwekkende uitlating van hierdie wiel is dat bemarking in Desember 2018 alreeds voorbereiding verg 14 maande van tevore in Oktober 2017. Die voorbereiding wat hier moet plaasvind is die voorbereiding **vier maande voor die aanvang van die teelseisoen** en word in die volgende van die reeks artikels bespreek. Daarna gaan elk van die opvolgende maande in artikels bespreek word tot op die punt van bemarking.